**VRAE VIR GROEPLEDE (Weke van So 1 Mrt, 8 Mrt, 15 Mrt en 22 Mrt 2009)**

**Lees Luk 15:11-31: Hoe het ons hier gekom? (So 1 Mrt)**

**Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte**

- Lukas skryf sy evangelie ná die val van die tempel in 70 nC aan Teofilus en die kerk waarin Jode en nie-Jode was. Dele van sy evangelie kom ooreen met Matteus en Markus, maar hy fokus veral op stukkende mense wat deur ander afgeskryf is soos herders, tollenaars, vroue, kinders en armes.
- Hierdie skrifgedeelte is deel van drie gelykennisse wat handel oor verlorenes en gevondes. Luk 15:1-2 plaas hierdie gelykenisse binne 'n spesifieke raamwerk.
- Die naam van die gelykenis kan verander word na die gelykenis van die "vergewende Vader en sy twee seuns", omdat dit nie eerstens op die verlore seun fokus nie, maar op die houding en gesindheid van die Vader.
- Daar is verskillende karakters in die verhaal: die vader verwys na God; die verlore seun verwys na die tollenaars en die sondaars (dws diegene wat deur die gemeenskap uitgestoot en verwerp word); die oudste broer verwys na die Fariseërs en skrifgeleerdes (dws die godsdienstige mense, die kerkmense).
- Vers 12: Dit was nie in die Bybelse tyd gebruiklik dat 'n vader reeds tydens sy leeftyd sy besittings verdeel nie.
- Vers 15: Om varke op te pas was waarskynlik die grootste vernedering wat 'n Jood kon beleef. Die vark was die simbool van onreinheid.
- Vers 20: Dit was ongewoon en benede sy waardigheid vir 'n ouer pa in die Midde-Ooste om na sy seun te hardloop. Sy liefde is sterker as die kultuur van 'n pa wat nie mag "hardloop" nie. Die soen is 'n teken van liefde, aanvaarding en vergifnis (vgl 2 Sam 14:33).
- Vers 22: Die ring en skoene dui gesamentlik op herstelde status en gesag.
- Vers 30: Die oudste broer is so verbitterd dat hy nie eers na die jongste as sy broer verwys nie, maar na "pa se seun".
- Die gelykenis eindig op 'n hoogtepunt en 'n laagtepunt. Die hoogtepunt van 'n vergewende vader, maar die laagtepunt van 'n onvergewensinde oudste broer. Die versoening en heling in die familie is nog nie afgehandel nie.

**Moontlike vrae**

- Bespreek die volgende stelling: "Die uniekheid van die Christelike godsdiens lê in genade en vergifnis"
- Hoekom reken sommige dat die naam van die gelykenis verander moet word na "die vergewende Vader"?
- Probeer jouself inleef in die situasie van die Verlore Seun. Hoe voel jy as Verlore Seun? Wat verwag jy van jou pa?
- Die jongste seun het self verantwoordelikheid vir sy eie lewe geneem. Wat het hy gedoen? (vgl vv 15-18).
- Wat leer ons uit die houding van die pa?
- Wat was die grootste probleem van die oudste seun?
- Bespreek die volgende stelling van DW de Villiers: "Die redding van sondaars maak die hemel en die kerk bly; helaas soms net die hemel".
- Verse 22-24 getuig van groot feesvieringe en vreugde.
    - Wat sê dit oor die hart van God?
    - Is daar werklik by ons vreugde as iemand terugkeer na die Here?
- Almal is op soek na heling, versoening en vergifnis. Watter praktiese raad gee hierdie gelykenis vir ons oor vergifnis wat jy wil gaan toepas in jou eie lewe?

**Ekstra vrae vir gesinsomgeegroepe**

- Wat veroorsaak dat ons verlore raak in ons huwelikke en gesinne?
- Wat dink jy is die grootste seer wat 'n ouer kan beleef?
- Hoe sal jy die verhouding tussen die oudste en jongste seun beskryf? Kom dit ook in jou huis voor?
- Wat doen jy as ouer as jou kind na jou kom en sê "pa/ma ek het verkeerd gedoen"?
- Ons het gelees van die pa wat sy kind soen as teken van versoening (v 21). Wat kan 'n mens vir jou kind/huweliksmaat doen om te wys dat jy hom/haar vergewe?

**Lees Ef 5:15-33 (ook Gal 5:22): Heilige Gees verander my! (So 8 Mrt)**

**Agtergrond oor Skrifgedeelte en tema**

- Ander teksgedeeltes wat by tema aansluit: Spr 11:29; Gal 5:22; Fil 1:1-11; Kol 3:18-4:1.
- Die brief aan die Efesiërs wil gelowiges help verstaan wie God se mense in die wêreld is en wat van die kerk van die Here verwag word. Hier word vertel hoe Christus die kerk uitgekies het, maar ook hoe die kerk in hierdie wêreld tot eer van God moet leef. Die brief is bedoel vir die mense van die stad Efese (vandag se Turkye), maar ook vir ander gelowiges in die omgewing.
- Gewoonlik fokus ons net op Efesiërs 5:21-6:4 as ons oor families praat. In families speel briewe (of e-pos briewe) 'n belangrike rol. As 'n familielid vir jou 'n brief skryf, lees jy waarskynlik die hele brief aandagtig deur. Ongelukkig kan net 'n gedeelte van die brief aan die Efesiers gelees word. Verse 15-33 vorm deel van 'n teksgedeelte wat deur die term "kinders" omraam word (5:21 en 6:4). Hierdie gedeelte beklemtoon dat familie van God anders as "wêreldse" families optree.
- Een belangrike ding is dat ons gereeld vir mekaar moet bid. 'n Groep moet ook bereid wees om mekaar te ondersteun en selfs te vermaan. Bv as die groep agterkom dat daar slegte gewoontes binne 'n familie is, moet hulle

bereid wees om dit eerlik te deel. Ef 5 en 6 dien as belangike riglyn – dalk moet ons dit meer lees. Hierdie gedeelte beklemtoon dat familie van God anders as "wêreldse" families optree.God is ons liefdevolle Vader en juis omdat ons Hom as Vader erken, tree ons anders op (5:1). Ons volg die voorbeeld van liefde wat Hy vir ons as Vader kom stel het. Ons word aangespoor om met liefde te lewe, om as mense van die lig 'n verskil in 'n donker wêreld te maak (v 6-20). As kerk (of geestelike familie) is ons soos 'n lig wat op 'n berg skyn.

- Die Here gee juis vir ons riglyne in sy Woord sodat ons gelukkig kan wees en met vreugde kan leef. Mense wat besig is met ontug, onsedelikheid, gierigheid en vuil praatjies is nie gelukkige mense nie (5:3-5). As mense met die Gees vervul is sal daar dankbaarheid en vreugde wees (5:18-20). Dan sal die vrug van die Gees deel van ons lewe wees (Gal 5:22).
- Ef 5:21 is die kern van verse 21-33. Baie mense lees bo-oor hierdie vers. Die Griekse woord vir eerbied kan ook met "vrees, respek" vertaal word. Huwelikspare wat eerbied vir Christus het en bereid is om *mekaar* (let wel) te dien, sal gelukkig wees. As daar nie werklike respek vir Christus is nie lei dit tot selfsug, baasspelerigheid, manipulasie en vrees.
- Ef 5:23-32: Die woordjie "soos" kom telkens hier voor (vv 23, 24, 25, 28, 29, 32) en meestal saam met die woord "Christus". As 'n mens Christus se voorbeeld van opofferende liefde en diensbaarheid volg, sal 'n mens se verhoudinge anders lyk. Baie mans lees die woorde "hoof" en "onderdanig", maar vergeet heel gemaklik van Christus se voorbeeld.

**Moontlike vrae**

- Hoekom is vers 21 'n kernvers vir die verstaan van verhoudinge?
- Wat verstaan jy onder die woord "onderdanig"?
- Wat sal jy vir iemand antwoord wat die volgende sê: "Ek is maar so gemaak en laat staan. Moenie my probeer verander nie"
- Wat beteken die woorde "laat die Gees julle vervul"? (v 18) Hoe werk vervulling met die Heilige Gees?
- Dink na oor die volgende woorde: "Sonde kan in die pad staan van 'n geesvervulde lewe".
- Bespreek die volgende woorde van Daniël Louw: "Konflik kan óf 'n *verleentheid* óf 'n *geleentheid* vir groei wees"
- Ef 5 en 6 praat van drie soorte verhoudinge (man-vrou; ouer-kind; werkgewer-werknemer). In watter verhouding ervaar jy tans die meeste konflik?
- Watter een van die vrugte van die Gees is vir jou die moeilikste om te doen? (vgl Gal 5:22)
- Hoe kan die groep jou help om hierdie vrug uit te leef?

**Ekstra vrae vir gesinsomgeegroepe**

- Ef 5:21-32 praat oor die verhouding tussen man en vrou. In 1999 is daar 40 000 egskeidings in SA aangemeld. Hoekom dink julle is daar in 'n sg "Christelike" land soos SA so baie egskeidings?
- Lees Ef 6:4 en sy parallelle vers in Kol 3:21. Wat sê hierdie verse vir jou oor die grootmaak van kinders?
- Wat het jy in jou huwelik/gesin geleer oor die hantering van konflik?
- Een styl van konflikhantering is om die konflik te probeer vermy? Werk hierdie styl?

**<u>Lees 1 Joh 4:7-21 Saamgebind deur God (So 15 Mrt)</u>**

**Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte**

- Die Johannesbriewe is waarskynlik tussen 90-95 nC deur die apostel Johannes neergeskryf. Die inhoud van die drie Johannesbriewe moet saam met dié van die Johannes-evangelie gelees word. Sommige reken dat 1 Joh 'n kommentaar op die evangelie is.
- In die gedeelte kom die Griekse woord *agape* 27 keer voor. Dit verwys na 'n onselfsugtige opofferende liefde. In die NT word mense altyd opgeroep om mekaar met *agape* liefde lief te hê; die ander woorde vir liefde word nie in oproepe/bevele gebruik nie.
- God se liefde is die een oorkoepelende eienskap of karaktertrek van God. Sy oordeel of straf staan nie teenoor sy liefde nie. Hy straf of tugtig soms juis omdat Hy ons liefhet. Net soos 'n liefdevolle ouer soms sy/haar kinders tugtig omdat hy/sy hulle liefhet.
- Die begrip "volmaak" of "volkome" soos dit hier gebruik word (vgl 4:12, 17, 18), beteken nie om sondeloos (vgl 1:8) te wees óf dat Christene beter klas mense is nie. Volmaak-wees beteken hier om te leef ooreenkomstig God se bedoeling met ons lewe, dws die doel waarvoor God ons op aarde geskep het. Volgens Johannes is dit om Christus se liefde te weerspieël.

**Moontlike vrae**

- Die woord "liefde" word 27 keer in hierdie skrifgedeelte gebruik. Wat is die eerste ding waaraan jy dink as jy die woord "liefde" hoor?
- Vers 8 sê dat God liefde is. Waar pas God se oordeel dan in?
- Verwys vers 9 net na die "ewige lewe"?
- Wat sê verse 8-15 oor die verhouding tussen die Vader, Seun en Heilige Gees?
- Hoe verstaan jy die woorde "in Hom bly"? (vv 13, 15-16)
- Soms is daar vrees in verhoudings. Wat sê vers 18 hieroor?
- Dink na oor die volgende opmerking van Louw: "Christene se liefde veroorsaak nie hul kindskap nie, maar vloei juis voort uit hulle kindskap".

- Wat is die verband tussen liefde en versoening? (v 10)
- Hoe kan liefde onderdruk word?
- Wat kan ons doen as onsself sukkel om die liefde uit te leef? Moet ons harder probeer of moet ons terugkeer na die Bron van Liefde?
- Die Bybel praat van opofferende liefde. Noem twee praktiese voorbeelde waar jy dit die volgende week wil gaan doen.

**Ekstra vrae vir gesinsomgeegroepe**

- Bespreek die volgende stelling: "Jou liefde vir God word sommer elke dag by jou huis getoets"
- Hoe reageer jy as ouer op die volgende stelling wat soms gemaak word: "Liefde spel 'n mens T-Y-D?
- Sommige ouers sê dat hulle kwaliteit tyd met hulle kinders spandeer. Kan 'n mens kwaliteit tyd spandeer as jy nie bereid is om kwantiteit tyd te spandeer nie?
- Sommige kinders (en selfs huweliksmaats) luister net na hulle ouers omdat hulle bang is vir hulle. Kan so 'n verhouding werk?
- Baie dikwels sê ons vir mekaar in die gesin dat ons vir Christus in die ander een moet sien. Wanneer sien jy vir Christus in jou huweliksmaat of kind?

**<u>Lees Deut 6:4-24: Ontdek die pad vorentoe (So 22 Mrt)</u>**

**Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte**

- Volgens sommige geleerdes is Deuteronium die hartklop van die OT. Die boek Deuteronomium soek na die wil van die Here op die vooraand van die intog in die beloofde land. Dit wil die volk oortuig dat die enigste manier om die beloofde land te behou is om gehoorsaam aan die Here te lewe.
- Vers 8: Die opdrag wat 'n geestelike bedoeling gehad het, is later deur die Jode letterlik nagekom. Hulle het die gebooie op klein rolletjies neergeskryf, in leersakkies gesit en teen hulle voorkop of om hulle hand vasgebind.
- Vers 9: Die deurkosyne verwys na die huis en die stadspoorte na die breë gemeenskap. In Bybelse tye was die stadspoort die belangrikste plek binne-in 'n stad. Dit is daar waar handel gedryf is, regspraak gevoer is en geluister is na die wyse woorde van die oudstes.
- Vers 10: Die land-belofte staan sentraal in Deuteronomium. Geleerdes meen dat hierdie woorde besonder aktueel was in die tyd van die Ballingskap toe die Jode ver weg van hulle land was.
- Deut 6 getuig van herinneringsrituele. Dit is belangrik dat families ook rituele sal hê. 'n Ritueel is iets wat oor en oor gedoen word. So moet julle in julle gesin sekere spesiale dinge doen (net julle gesin sonder vriende en ander familie). Dinge wat lekker is vir die hele gesin – nie dinge wat net lekker is vir pa of ma nie. Het julle dalk spesiale gesinsdae of gesinsaande? Wat doen julle?

**Moontlike vrae**

- Noem een goeie ding wat jy by jou ouers geleer het en vandag nog probeer doen?
- Hoekom beklemtoon vers 4 die feit van 'n "enigste Here"?
- Watter afgode is daar in ons lewens wat in die plek van die Here kom staan?
- Hoekom gebruik die Bybel die woorde hart, siel en krag tesame? (v 5) Is daar 'n verskil tussen hierdie drie?
- Deut 6 wys daarop dat daar tydig en ontydig oor gehoorsaamheid aan die Here gepraat moet word. Hoekom is ons so skrikkerig om in ons naby verhoudings oor die Here te gesels?
- Vers 12 moedig ons aan om te onthou. Wat laat mense van God vergeet?
- Hier word gepraat van "inskerp" (v 7). Hoe gebeur dit dat die Bybelse gebooie/waardes deel van ons lewe word?
- Deut 6 beskryf 'n pad van dissipelskap. Is daar iemand met wie jy op 'n gereelde basis oor die Here gesels? Wat het jy uit hierdie verhouding geleer? *Of* Sien jy kans om so 'n pad met iemand te loop?

**Ekstra vrae vir gesinsomgeegroepe**

- Bespreek die volgende stelling: "Ons het genoeg beskikbare tyd, maar ons gesinne is nie altyd vir ons 'n *prioriteit* nie"
- Wat maak ons met die tyd binne ons gesinne? Kyk 'n bietjie na 'n alledaagse week.
- Bespreek die volgende stelling: "Ouers spandeer ure met hulle kinders in die motor, maar benut nie die tyd effektief nie"
- Het julle as gesin sekere rituele of tradisies? Deel dit met die groep.
- Hoe dink julle is die beste om die Bybel in 'n gesin te lees (huisgodsdiens). Help mekaar met praktiese raad wat in julle gesin werk.
- Opvoedkundiges reken dat 'n kind die beste luister en leer nadat hy/sy 'n vraag gevra het (vgl v 20). Benut ons hierdie geleenthede om geestelike gesprekke te voer?

**UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 1 Maart 2009)**

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

**(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)**
- Wat is die grootste familiekrisis wat julle nog beleef het?

**(B) AANBIDDING**
Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Father God; Good News (CD no 16); Genade onbeskryflik groot (Lied 510); Want so lief het God die wêreld.
Gebed/rituele/simbole:
- Psalm van die week: Ps 25:1-10
- Bid veral vir die tieners in julle groep, in die gemeente en gemeenskap. Vra dat die groep die hele week daarvoor sal bid. Bid vir die tienerbediening in ons gemeente olv Renier van Schalkwyk, elke Jeugaksieleier en ook die Belydenisklas olv Paul Barnard.
- Bid vir dit waarmee tieners gekonfronteer word: groepsdruk; druk van ouers en onderwysers; alkohol en dwelms; seksuele losbandigheid; onsekerheid oor toekoms.

Sake vir voorbidding:
- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

**(C) OPBOU UIT DIE WOORD**
Die tema sluit aan by Sondag 1 Maart se eredienste. Die hele Maart-maand fokus op heling en versoening in verhoudinge, veral verhoudinge binne die familie.

**Lees Luk 15:11-31: Hoe het ons hier gekom?**

**Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte**
- Lukas skryf sy evangelie ná die val van die tempel in 70 nC aan Teofilus en die kerk waarin Jode en nie-Jode was. Dele van sy evangelie kom ooreen met Matteus en Markus, maar hy fokus veral op stukkende mense wat deur ander afgeskryf is soos herders, tollenaars, vroue, kinders en armes.
- Hierdie skrifgedeelte is deel van drie gelykennisse wat handel oor verlorenes en gevondes. Luk 15:1-2 plaas hierdie gelykenisse binne 'n spesifieke raamwerk.
- Die naam van die gelykenis kan verander word na die gelykenis van die "vergewende Vader en sy twee seuns", omdat dit nie eerstens op die verlore seun fokus nie, maar op die houding en gesindheid van die Vader.
- Daar is verskillende karakters in die verhaal: die vader verwys na God; die verlore seun verwys na die tollenaars en die sondaars (dws diegene wat deur die gemeenskap uitgestoot en verwerp word); die oudste broer verwys na die Fariseërs en skrifgeleerdes (dws die godsdienstige mense, die kerkmense).
- Vers 12: Dit was nie in die Bybelse tyd gebruiklik dat 'n vader reeds tydens sy leeftyd sy besittings verdeel nie.
- Vers 15: Om varke op te pas was waarskynlik die grootste vernedering wat 'n Jood kon beleef. Die vark was die simbool van onreinheid.
- Vers 20: Dit was ongewoon en benede sy waardigheid vir 'n ouer pa in die Midde-Ooste om na sy seun te hardloop. Sy liefde is sterker as die kultuur van 'n pa wat nie mag "hardloop" nie. Die soen is 'n teken van liefde, aanvaarding en vergifnis (vgl 2 Sam 14:33).
- Vers 22: Die ring en skoene dui gesamentlik op herstelde status en gesag.
- Vers 30: Die oudste broer is so verbitterd dat hy nie eers na die jongste as sy broer verwys nie, maar na "pa se seun".

- Die gelykenis eindig op ’n hoogtepunt en ’n laagtepunt. Die hoogtepunt van ’n vergewende vader, maar die laagtepunt van ‘n onvergewensinde oudste broer. Die versoening en heling in die familie is nog nie afgehandel nie.

**Moontlike vrae**
- Bespreek die volgende stelling: “Die uniekheid van die Christelike godsdiens lê in genade en vergifnis”
- Hoekom reken sommige dat die naam van die gelykenis verander moet word na “die vergewende Vader”?
- Probeer jouself inleef in die situasie van die Verlore Seun. Hoe voel jy as Verlore Seun? Wat verwag jy van jou pa?
- Die jongste seun het self verantwoordelikheid vir sy eie lewe geneem. Wat het hy gedoen? (vgl vv 15-18).
- Wat leer ons uit die houding van die pa?
- Wat was die grootste probleem van die oudste seun?
- Bespreek die volgende stelling van DW de Villiers: “Die redding van sondaars maak die hemel en die kerk bly; helaas soms net die hemel”.
- Verse 22-24 getuig van groot feesvieringe en vreugde.
    - Wat sê dit oor die hart van God?
    - Is daar werklik by ons vreugde as iemand terugkeer na die Here?
- Almal is op soek na heling, versoening en vergifnis. Watter praktiese raad gee hierdie gelykenis vir ons oor vergifnis wat jy wil gaan toepas in jou eie lewe?

**Ekstra vrae vir gesinsomgeegroepe**
- Wat veroorsaak dat ons verlore raak in ons huwelikke en gesinne?
- Wat dink jy is die grootste seer wat ’n ouer kan beleef?
- Hoe sal jy die verhouding tussen die oudste en jongste seun beskryf? Kom dit ook in jou huis voor?
- Wat doen jy as ouer as jou kind na jou kom en sê “pa/ma ek het verkeerd gedoen”?
- Ons het gelees van die pa wat sy kind soen as teken van versoening (v 21). Wat kan ’n mens vir jou kind/huweliksmaat doen om te wys dat jy hom/haar vergewe?

**Bybelstudiemetodes**
*Drie-vraag metode*
- Wat sê die gedeelte oor God?
- Wat sê die gedeelte oor ons as mense?
- Wat wil God hê moet ons nou gaan doen?

*Metode ontwikkel deur SAVGG (Suider-Afrikaanse Genootskap vir Gestuurde Gemeentes)*
- Evalueer (was daar enige verskil in jou lewe omdat God deur sy Woord met jou verlede week gepraat het)
- Lees die Woord (selfs meer as een keer)
- Wandel in die Woord (hoor wat God deur sy Heilige Gees vir jou persoonlik sê)
- Luister na mekaar (gaan sit by een persoon en vra wat God vir hom/haar gesê het)
- Deel die Woord (deel eerstens met die groep wat jy van die *ander* persoon gehoor het)
- Bid die Woord (bid dit wat julle as groep by God gehoor het)
- Doen die Woord (as God se Woord ’n mens aangespreek het, sal jy dit gaan doen)

**(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD**
- Ons word opgeroep om uit te reik na ander (ook diegene buite ons familie) soos wat die vader na sy “verlore” seun uitgereik het.

**VIR DIE KINDERS EN FAMILIES**
*Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.*
- KidsXpress ontwikkel materiaal wat al met groot vrug deur omgeegroepe met kinders gebruik is. Kontak Werner en Tania Schultz by 021-852 8645.

- Kernvers wat aangeleer kan word: Luk 15:18
- Help die kinders om die verhaal van die Verlore Seun op te voer.
- Moontlike vrae wat na die opvoering gevra kan word: (a) Na wie verwys elkeen van die karakters? (b) Hoekom was die pa bereid om hom te vergewe? (c) Wat het die jongste seun gedoen toe hy die varke opgepas het? (d) Wat was die gesindheid van die oudste broer? (e) Wat leer ons uit hierdie gelykenis/storie van Jesus?
- Die gesinne kan afsluit met die sing van "Genade onbeskryflik groot".

**ADMINISTRASIE**
- Volgende byeenkoms is Di 24 Maart.
- Let daarop dat Familiebediening vir ons help om Maartmaand te fokus op heling en versoening van verhoudinge. Hou die aankondigings dop.
- Kleingroepleierskursus: Begin Ma 9 Maart om 19:00-21:00 in die Bruinsaal en strek oor 4 Ma aande. Gee julle name op by die kerkkantoor of Danie O'Kennedy.
- Basaar/Kermis (14 Maart): Onthou om julle vorms in te gee. Navrae oor stalletjies en vorms by Hermi de Kock (083 564 7414)
- Gemeentekamp (27-29 Mrt): Navrae by Maré Redelinghuys (082 577 6927) of Susan Killian (072 785 2001). Ons het besluit om 'n naby kampterrein te bespreek vir die gemeentekamp/boskerk (Mountain Breeze karavaanpark op R44). Daar is drie opsies:
    - Woon slegs boskerk om 10:00 by; geen koste.
    - Woon die erediens by en bring-en-braai vir dag by swembad; R15 pp dagkampeerfooi ; hout sal voorsien word.
    - Oornag in die kampeerterrein of bly vir die naweek in chalets (geen ekstra dagfooi vir So); kontak die oord vir bespreking by 021-880 0513.

**VERDERE TOERUSTING**
- Ons gesels oor hoe ons die blye boodskap aan ons kinders en mense rondom ons kan uitdra.

**UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 8 Maart 2009)**

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

**(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)**
- Deel met die groep iets wat jy van jou oupa en ouma onthou.

**(B) AANBIDDING**

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Op berge en in dale (Lied 509); Bind us together Lord; Praat ek mense engle tale (Lied 530); Ons Vader, neem hul hande (Lied 537) (verander "hul" na "ons"); Gees van God wat in my woon.

Gebed/rituele/simbole:
- Psalm van die week: Ps 22:23-31
- Ons bid spesiaal vir die senior burgers van ons gemeente en gemeenskap. Bid vir die Senior bediening van ons gemeente en ds Danie du Plessis.

Sake vir voorbidding:
- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

**(C) OPBOU UIT DIE WOORD**

Die tema sluit aan by Sondag 8 Maart se eredienste.

**Lees Ef 5:15-33 (ook Gal 5:22): Heilige Gees verander my!**

**Agtergrond oor Skrifgedeelte en tema**

- Ander teksgedeeltes wat by tema aansluit: Spr 11:29; Gal 5:22; Fil 1:1-11; Kol 3:18-4:1.
- Die brief aan die Efesiërs wil gelowiges help verstaan wie God se mense in die wêreld is en wat van die kerk van die Here verwag word. Hier word vertel hoe Christus die kerk uitgekies het, maar ook hoe die kerk in hierdie wêreld tot eer van God moet leef. Die brief is bedoel vir die mense van die stad Efese (vandag se Turkye), maar ook vir ander gelowiges in die omgewing.
- Gewoonlik fokus ons net op Efesiërs 5:21-6:4 as ons oor families praat. In families speel briewe (of e-pos briewe) 'n belangrike rol. As 'n familielid vir jou 'n brief skryf, lees jy waarskynlik die hele brief aandagtig deur. Ongelukkig kan net 'n gedeelte van die brief aan die Efesiers gelees word. Verse 15-33 vorm deel van 'n teksgedeelte wat deur die term "kinders" omraam word (5:21 en 6:4). Hierdie gedeelte beklemtoon dat familie van God anders as "wêreldse" families optree.
- Een belangrike ding is dat ons gereeld vir mekaar moet bid. 'n Groep moet ook bereid wees om mekaar te ondersteun en selfs te vermaan. Bv as die groep agterkom dat daar slegte gewoontes binne 'n familie is, moet hulle bereid wees om dit eerlik te deel. Ef 5 en 6 dien as belangike riglyn – dalk moet ons dit meer lees. Hierdie gedeelte beklemtoon dat familie van God anders as "wêreldse" families optree.God is ons liefdevolle Vader en juis omdat ons Hom as Vader erken, tree ons anders op (5:1). Ons volg die voorbeeld van liefde wat Hy vir ons as Vader kom stel het. Ons word aangespoor om met liefde te lewe, om as mense van die lig 'n verskil in 'n donker wêreld te maak (v 6-20). As kerk (of geestelike familie) is ons soos 'n lig wat op 'n berg skyn.
- Die Here gee juis vir ons riglyne in sy Woord sodat ons gelukkig kan wees en met vreugde kan leef. Mense wat besig is met ontug, onsedelikheid, gierigheid en vuil praatjies is nie gelukkige mense nie (5:3-5). As mense met die Gees vervul is sal daar dankbaarheid en vreugde wees (5:18-20). Dan sal die vrug van die Gees deel van ons lewe wees (Gal 5:22).
- Ef 5:21 is die kern van verse 21-33. Baie mense lees bo-oor hierdie vers. Die Griekse woord vir eerbied kan ook met "vrees, respek" vertaal word. Huwelikspare wat eerbied vir Christus het en bereid is om *mekaar* (let wel) te dien, sal gelukkig wees. As daar nie werklike respek vir Christus is nie lei dit tot selfsug, baasspelerigheid, manipulasie en vrees.
- Ef 5:23-32: Die woordjie "soos" kom telkens hier voor (vv 23, 24, 25, 28, 29, 32) en meestal saam met die woord "Christus". As 'n mens Christus se voorbeeld van opofferende liefde en diensbaarheid volg, sal 'n mens se verhoudinge anders lyk. Baie mans lees die woorde "hoof" en "onderdanig", maar vergeet heel gemaklik van Christus se voorbeeld.

**Moontlike vrae**

- Hoekom is vers 21 'n kernvers vir die verstaan van verhoudinge?
- Wat verstaan jy onder die woord "onderdanig"?
- Wat sal jy vir iemand antwoord wat die volgende sê: "Ek is maar so gemaak en laat staan. Moenie my probeer verander nie"
- Wat beteken die woorde "laat die Gees julle vervul"? (v 18) Hoe werk vervulling met die Heilige Gees?
- Dink na oor die volgende woorde: "Sonde kan in die pad staan van 'n geesvervulde lewe".
- Bespreek die volgende woorde van Daniël Louw: "Konflik kan óf 'n *verleentheid* óf 'n *geleentheid* vir groei wees"
- Ef 5 en 6 praat van drie soorte verhoudinge (man-vrou; ouer-kind; werkgewer-werknemer). In watter verhouding ervaar jy tans die meeste konflik?
- Watter een van die vrugte van die Gees is vir jou die moeilikste om te doen? (vgl Gal 5:22)
- Hoe kan die groep jou help om hierdie vrug uit te leef?

**Ekstra vrae vir gesinsomgeegroepe**

- Ef 5:21-32 praat oor die verhouding tussen man en vrou. In 1999 is daar 40 000 egskeidings in SA aangemeld. Hoekom dink julle is daar in 'n sg "Christelike" land soos SA so baie egskeidings?
- Lees Ef 6:4 en sy parallelle vers in Kol 3:21. Wat sê hierdie verse vir jou oor die grootmaak van kinders?
- Wat het jy in jou huwelik/gesin geleer oor die hantering van konflik?
- Een styl van konflikhantering is om die konflik te probeer vermy? Werk hierdie styl?

**Bybelstudiemetodes (sien week van 1 Maart)**

**(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD**

- Die teks roep ons op om na drie groepe mense uit te reik: man/vrou; kinders; mense by die werk.

**VIR DIE KINDERS EN FAMILIES**

*Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.*

- Kernvers wat aangeleer kan word: Gal 5:22
- Dit kan goed wees as julle 'n konfliksituasie kan uitbeeld tussen twee kinders in 'n huisgesin (bv twee broers wat stry oor die een wat die ander een se goed sonder sy toestemming gebruik het dit gebreek het). Betrek dan die kinders om raad vir mekaar te gee.
- Gesels oor Ef 6:1-4. Moontlike vrae is: Op watter maniere kan jy jou ouers eer? Hoekom word kinders soms opstandig? Hoe moet jou ouers jou straf as jy verkeerd gedoen het?
- Vra dat die kinders elkeen 'n brief/e-pos vir een van hulle familielede sal skryf (ouer, grootouer, oom, tannie, nefie, niggie).
- Die kinders kan spesiaal vir hulle oupa of ouma bid (indien hulle nog leef) en vir die senior burgers in ons gemeenskap. Dit sal baie goed wees as julle die grootouers wat naby bly kan nooi vir die omgeebyeenkoms.

**ADMINISTRASIE EN VERDERE TOERUSTING**

- Sien week van 1 Maart

**UITDEELSTUK VIR GROEPLEIERS (Week van So 15 Maart 2009)**

**(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)**

- Hoe ervaar julle wat tans in die wêreld gebeur? Watter invloed het dit op jou persoonlike en geestelike lewe?

**(B) AANBIDDING**

Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: God is liefde (Lied 334); Want so lief het God die wêreld gehad; Bind us together Lord; Hy's die ene wat ek liefhet in die môre; I love this family.

Gebed/rituele/simbole:

- Psalm van die week: Ps 19
- Bid spesifik vir die babas en voorskoolse kinders in ons gemeente; bid ook vir die doopouers.

Sake vir voorbidding:

- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

**(C) OPBOU UIT DIE WOORD**

Die tema sluit aan by Sondag 15 Maart se eredienste.

**Lees 1 Joh 4:7-21 Saamgebind deur God**

**Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte**

- Die Johannesbriewe is waarskynlik tussen 90-95 nC deur die apostel Johannes neergeskryf. Die inhoud van die drie Johannesbriewe moet saam met dié van die Johannes-evangelie gelees word. Sommige reken dat 1 Joh 'n kommentaar op die evangelie is.
- In die gedeelte kom die Griekse woord *agape* 27 keer voor. Dit verwys na 'n onselfsugtige opofferende liefde. In die NT word mense altyd opgeroep om mekaar met *agape* liefde lief te hê; die ander woorde vir liefde word nie in oproepe/bevele gebruik nie.
- God se liefde is die een oorkoepelende eienskap of karaktertrek van God. Sy oordeel of straf staan nie teenoor sy liefde nie. Hy straf of tugtig soms juis omdat Hy ons liefhet. Net soos 'n liefdevolle ouer soms sy/haar kinders tugtig omdat hy/sy hulle liefhet.

- Die begrip "volmaak" of "volkome" soos dit hier gebruik word (vgl 4:12, 17, 18), beteken nie om sondeloos (vgl 1:8) te wees óf dat Christene beter klas mense is nie. Volmaak-wees beteken hier om te leef ooreenkomstig God se bedoeling met ons lewe, dws die doel waarvoor God ons op aarde geskep het. Volgens Johannes is dit om Christus se liefde te weerspieël.

**Moontlike vrae**

- Die woord "liefde" word 27 keer in hierdie skrifgedeelte gebruik. Wat is die eerste ding waaraan jy dink as jy die woord "liefde" hoor?
- Vers 8 sê dat God liefde is. Waar pas God se oordeel dan in?
- Verwys vers 9 net na die "ewige lewe"?
- Wat sê verse 8-15 oor die verhouding tussen die Vader, Seun en Heilige Gees?
- Hoe verstaan jy die woorde "in Hom bly"? (vv 13, 15-16)
- Soms is daar vrees in verhoudings. Wat sê vers 18 hieroor?
- Dink na oor die volgende opmerking van Louw: "Christene se liefde veroorsaak nie hul kindskap nie, maar vloei juis voort uit hulle kindskap".
- Wat is die verband tussen liefde en versoening? (v 10)
- Hoe kan liefde onderdruk word?
- Wat kan ons doen as onsself sukkel om die liefde uit te leef? Moet ons harder probeer of moet ons terugkeer na die Bron van Liefde?
- Die Bybel praat van opofferende liefde. Noem twee praktiese voorbeelde waar jy dit die volgende week wil gaan doen.

**Ekstra vrae vir gesinsomgeegroepe**

- Bespreek die volgende stelling: "Jou liefde vir God word sommer elke dag by jou huis getoets"
- Hoe reageer jy as ouer op die volgende stelling wat soms gemaak word: "Liefde spel 'n mens T-Y-D?
- Sommige ouers sê dat hulle kwaliteit tyd met hulle kinders spandeer. Kan 'n mens kwaliteit tyd spandeer as jy nie bereid is om kwantiteit tyd te spandeer nie?
- Sommige kinders (en selfs huweliksmaats) luister net na hulle ouers omdat hulle bang is vir hulle. Kan so 'n verhouding werk?
- Baie dikwels sê ons vir mekaar in die gesin dat ons vir Christus in die ander een moet sien. Wanneer sien jy vir Christus in jou huweliksmaat of kind?

**Bybelstudiemetodes (sien week van 1 Maart)**

**(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD**

- 'n Gesin/persoon wat die Here liefhet, sal 'n getuienis teenoor die wêreld wees.

**VIR DIE KINDERS EN FAMILIES**

*Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.*

- Kernvers wat aangeleer kan word: 1 Joh 4:19
- Laat hulle 1 Joh 4:19 as groep leer. Onthou om ook die teksverwysing saam met die inhoud van die vers te leer (baiekeer ken hulle die vers, maar weet nie waar dit staan nie). Sê dit 'n paar keer hardop in die groep en laat hulle bewegings saam uitwerk. Vra dat die kinders dit op 'n kaartjie sal neerskryf en mooi inkleur. Daarna kan hulle dit op die yskas plak.
- Vra hulle om soveel as moontlik maniere uit te dink hoe jy vir iemand anders kan wys jy is lief vir hom of haar. Gee kans dat hulle die volgende keer daaroor terugvoering kan gee.

**ADMINISTRASIE EN VERDERE TOERUSTING**

- Sien week van 1 Maart

Die volgende is moontlike voorstelle vir die hou van byeenkomste. Evalueer dit en voeg nog vrae en voorstelle by.

**(A) ONDERLINGE SORG (ONS LEER MEKAAR KEN)**
- Watter persoon/e het die meeste vir jou in jou geloofslewe gespeel?

**(B) AANBIDDING**
Sang/Musiek: Liedere wat by die tema aansluit: Father God; Abba Vader; Come; Jou lewe is 'n lofgedig; Grote God (Lied 190); Woord van God woord van die lewe (Lied 255).
Gebed/rituele/simbole:
- Psalm van die week: Ps 107:1-3, 17-22
- Bid spesifiek vir die laerskoolkinders in die groep en gemeenskap. Bid vir die laerskoolbediening in ons gemeente olv Santie Nel en al die Jeugaksieleiers. Bid vir elke Sondag se Kiddiekerk en Tekkiediens.
- Gee kans vir sake vir dank en voorbidding en vra dat gesinne of huweliksmaats saam in die groep sal bid (of dat persone twee-twee sal saambid).

Sake vir voorbidding:
- Sien So aankondigings en gebedsprogram.
- Ons nooi nog steeds mense uit om Dinsdae te kom saam bid in die kapel (05:45 of 18:30).
- Kontak Lana van der Westhuizen (021-852 7846 of 083 391 3655) as jy 'n persoon se naam op die gebedslys wil plaas.
- Ekstra siekes/Persone in rou: …….

**(C) OPBOU UIT DIE WOORD**
Die tema sluit aan by Sondag 22 Maart se eredienste.

**Lees Deut 6:4-24: Ontdek die pad vorentoe**

**Agtergrond oor tema en Skrifgedeelte**
- Volgens sommige geleerdes is Deuteronium die hartklop van die OT. Die boek Deuteronomium soek na die wil van die Here op die vooraand van die intog in die beloofde land. Dit wil die volk oortuig dat die enigste manier om die beloofde land te behou is om gehoorsaam aan die Here te lewe.
- Vers 8: Die opdrag wat 'n geestelike bedoeling gehad het, is later deur die Jode letterlik nagekom. Hulle het die gebooie op klein rolletjies neergeskryf, in leersakkies gesit en teen hulle voorkop of om hulle hand vasgebind.
- Vers 9: Die deurkosyne verwys na die huis en die stadspoorte na die breë gemeenskap. In Bybelse tye was die stadspoort die belangrikste plek binne-in 'n stad. Dit is daar waar handel gedryf is, regspraak gevoer is en geluister is na die wyse woorde van die oudstes.
- Vers 10: Die land-belofte staan sentraal in Deuteronomium. Geleerdes meen dat hierdie woorde besonder aktueel was in die tyd van die Ballingskap toe die Jode ver weg van hulle land was.
- Deut 6 getuig van herinneringsrituele. Dit is belangrik dat families ook rituele sal hê. 'n Ritueel is iets wat oor en oor gedoen word. So moet julle in julle gesin sekere spesiale dinge doen (net julle gesin sonder vriende en ander familie). Dinge wat lekker is vir die hele gesin – nie dinge wat net lekker is vir pa of ma nie. Het julle dalk spesiale gesinsdae of gesinsaande? Wat doen julle?

**Moontlike vrae**
- Noem een goeie ding wat jy by jou ouers geleer het en vandag nog probeer doen?
- Hoekom beklemtoon vers 4 die feit van 'n "enigste Here"?
- Watter afgode is daar in ons lewens wat in die plek van die Here kom staan?
- Hoekom gebruik die Bybel die woorde hart, siel en krag tesame? (v 5) Is daar 'n verskil tussen hierdie drie?
- Deut 6 wys daarop dat daar tydig en ontydig oor gehoorsaamheid aan die Here gepraat moet word. Hoekom is ons so skrikkerig om in ons naby verhoudings oor die Here te gesels?
- Vers 12 moedig ons aan om te onthou. Wat laat mense van God vergeet?
- Hier word gepraat van "inskerp" (v 7). Hoe gebeur dit dat die Bybelse gebooie/waardes deel van ons lewe word?

- Deut 6 beskryf ’n pad van dissipelskap. Is daar iemand met wie jy op ’n gereelde basis oor die Here gesels? Wat het jy uit hierdie verhouding geleer? *Of* Sien jy kans om so ’n pad met iemand te loop?

**Ekstra vrae vir gesinsomgeegroepe**
- Bespreek die volgende stelling: “Ons het genoeg beskikbare tyd, maar ons gesinne is nie altyd vir ons ‘n *prioriteit* nie”
- Wat maak ons met die tyd binne ons gesinne? Kyk ’n bietjie na ’n alledaagse week.
- Bespreek die volgende stelling: “Ouers spandeer ure met hulle kinders in die motor, maar benut nie die tyd effektief nie”
- Het julle as gesin sekere rituele of tradisies? Deel dit met die groep.
- Hoe dink julle is die beste om die Bybel in ‘n gesin te lees (huisgodsdiens). Help mekaar met praktiese raad wat in julle gesin werk.
- Opvoedkundiges reken dat ’n kind die beste luister en leer nadat hy/sy ’n vraag gevra het (vgl v 20). Benut ons hierdie geleenthede om geestelike gesprekke te voer?

**Bybelstudiemetodes (sien week van 1 Maart)**

**(D) UITREIKING NA MENSE IN NOOD**
- Gesinne wat die Woord van die Here leef, is vir die gemeenskap ’n getuienis.

**VIR DIE KINDERS EN FAMILIES**
*Kleuterkerk, Kiddiekerk en Tekkiediens: Hoor wat die kinders daar geleer het. Gee geleentheid dat hulle vir julle kan bedien.*
- Kernvers wat aangeleer kan word: Deut 6:4
- Vra vir die kinders wanneer en hoe hulle die Bybel saam met hulle ouers wil lees.
- Verdeel die groep in die verskillende gesinne op. Vra dat hulle Deut 6:6-7 in hulle eie woorde sal neerskryf en vir die groep sal voorlees.
- Vertel vir mekaar in die gesinne stories waar julle beleef het dat God julle as gesin gehelp het.
- Vertel vir mekaar van julle gesin se rituele (bv wat julle met gesinsaande doen).

**ADMINISTRASIE EN VERDERE TOERUSTING**
- Sien week van 1 Maart